

# PUILA IMVUILA

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende produsente

## Produsente is die ruggraat van ons nasie

### LEES BINNE:

- 3 > Huidige prys-scenario by mielie-produksie beplanning
- 6 > Oorweeg 'n spuit vir onkruidbeheer
- 8 > Dis tyd om te kyk na grondverdigting

**BOERDERY WAS DIE HEEL EERSTE BEROEP IN DIE WÊRELD EN DIT WAS 'N OPDRAG VAN GOD. DIT IS NOODSAAKLIK VIR LEWE. DAAROM IS DIT BELANGRIK DAT ON S AS PRODUSENTE ON S WERK SIEN AS 'N BAIE NOODSAAKLIKE EN BELANGRIKE TAAK.**

Ons moet nie net 'n fokus daarop om geld te maak en om produksie te verhoog nie, maar eerder fokus op die vervaardiging van kwaliteit gewasse en voedsel vir lewe en gesondheid sal voorsien wat ander nodig het.

#### Hoe dra produsente by tot die ekonomie?

- Hulle maak 'n belangrike bydrae tot die ekonomie en die nasionale begroting.
- Saam is produsente 'n groot werkgewer in ons land wat hoë vlakke van werkloosheid het.
- Produsente produseer hoë gehalte, gesonde kos en dra by tot nasionale voedselsekureit.
- Produsente maak regoor die land 'n belangrike belegging in hul plaaslike gemeenskappe en is

noodsaaklik vir die ekonomiese lewensvatbaarheid van beide hul tuisdorpe en die nasie.

- As rentmeesters van die land, werk produsente hard om die grond, lug, water en biodiversiteit te beskerm om te verseker dat die grond in staat sal wees om voedsel vir toekomstige geslagte te produseer.
  - Die produsent is selfonderhoudend, produktief, onafhanklik, hardwerkend, gemeenskapsgerig en verantwoordbaar. Die produsent vervaardig mielies, sonneblom en suiker van die son!
- Ongelukkig ly produsente, soos baie ander beshghede, as gevolg van die dramatiese ekonomiese afswaai.

Met toenemende bedryfskoste en nou dalende pryse vir landbouprodukte, sal baie produsente en veeboere dit moeilik of onmoontlik vind om tred te hou met hul lening terugbetalings van hul plase.

Terselfdertyd is die beskikbaarheid van bekostigbare, lang-termyn krediet ook onseker, wat selfs 'n groter bedreiging vir elke produsent se sakebedrywighede inhou.



2



6

## ◀ Produsente is die ruggraat van ons nasie



### Mme Jane sê...

Van tyd tot tyd moet ons stop en onself vra waarmee ons besig is. In 'n poging om 'n duidelike antwoord te kry, moet ons ook sê wat ons nie doen nie. Kom ons begin met dit wat ons nie doen nie:

- Ons maak nie gebruik van wit kontrakteurs om op swart grond te boer nie.
- Ons "boer" nie namens mense nie.
- Ons probeer nie om mense boerderygeleenthede te gee wat in die verlede geleenthede gehad het nie.
- Ons doen nie "window dressing" nie.
- Ons probeer nie om SEB-telkaart punte te kry vir diene wat hierdie produkte koop nie.
- Ons probeer nie om SEB-telkaart punte te kry vir diene wat insette lewer nie.

Waarmee is ons besig? Ons is besig met:

- Die ontwikkeling van swart produsente – onafhanklike, volhoubare swart produsente.
- Opleiding van swart produsente sodat hulle verstaan wat hulle doen.
- Aanmoediging van produsente om die natuurlike hulpbronne optimaal te gebruik.
- Wys swart produsente hoe om te sorg vir die grond wat hulle gebruik.
- Hulp aan mense om met dit wat hulle het, 'n inkomste te genereer vir hulself en voedsel vir hulself, hul gemeenskap en ons nasie te produseer.
- Die voorkoms van landbou te transformeer – van 'n wit oorheersende bedryf tot een met 'n ware weerspieëling van alle kulturele en etniese groepe.
- Hulp aan mense wat toegang tot grond het – kommunale grond, huurgrond of 'n eie stukkie grond (om die grond meer volhoubaar en winsgewend te gebruik).
- Om te probeer om met alle staatsdepartemente saam te werk en die hulp wat aan produsente gegee word, te koördineer.
- Beplanning sodat produsente masjinerie en toerusting kan bekom.
- Beplanning om toegang te verkry tot toelaes van die departemente.

Ek is dikwels teleurgesteld wanneer ek hoor dat mense "vir" swart produsente boer. Sommige individue/organisasies maak gebruik van swart grond vir hul eie gewin en noem dit "produsenteontwikkeling". As jy 'n wit produsent is en gebruik maak van grond wat aan 'n swart produsent behoort, betaal huur daarvoor en erken dat jy die grond vir jouself bewerk. Moet asseblief nie voorgee dat jy produsente help nie.

Die harde werklikheid is dat produsente gedwing word om staat te maak op lenings om te betaal vir die voer, saad en ander insette wat nodig is om gewasse in die grond te kry en te laat groei.

As gevolg van onstabiliteit in die markprys vir hul produkte en bedreiging van weerverwante rampe, is die veiligheid van die aanvanklike belegging nie gewaarborg nie. As 'n resultaat hiervan het tradisionele geldleners baie versigtig geword!

Gevolgtrek moet ons voortgaan om 'n beroep op die regering van die dag te doen om produsente te help met 'n meer gunstige, gestruktureerde en veilige stelsel vir produksieleninge. Wisselvallige markpryse vir kommoditeitgewasse en stygende produksiekoste, insluitend kunsmis, saad, voer en ander landbou-insette, sal voortgaan om produsente finansieel in 'n moeilike situasie te plaas as hulle min beheer het oor die vraag en aanbod van hul produk.

Wanneer die markprys vir die produsent val, word dit nie altyd in voedselpryse op die winkelrak weerspieël nie - dit verhoog kommer dat graankopers en ander wins maak ten koste van beide produsente en verbruikers.

### Hoe sal Suid-Afrikaners beïnvloed word?

As produsente hul besigheid en hul huise verloor en as nuwe produsente nie in staat is om die bedryf te betree nie, word Suid-Afrikaners beïnvloed word. Produsente is die ruggraat van die nasie en die eerste vlak op die ekonomiese leer. Wanneer boerdery misluk, misluk hoofstraat besighede ook. Die teenoorgestelde is ook waar - wanneer boerdery floreer, sal hoofstraat besighede en plaaslike gemeenskappe floreer.

Produsente skep ware rykdom, vervaardig werklike waarde, produseer vanaf saad en sonlig 'n produk wat ons fisies sowel as ekonomies voed. Die ondersteuning van 'n diverse gedesentraliseerde familie boerdery is wat nodig is vir die stabiliteit en vitaliteit van ons land. As ons selfs net een produsent verloor of dit toenemend moeilik maak vir nuwe of beginner produsente om te begin boer, stel ons ons omgewing, ons voedselsekureit en ons plaaslike ekonomie in gevaar.

**JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



*Ploeg 'n produsent altyd en saai nooit? Is hy voortdurend besig om die grond te bewerk en plant dit nooit? Plant hy nie uiteindelik verskillende soorte graan, elk op sy eie deel van die land nie? Hy weet net wat om te doen, want God laat hom sien en verstaan...die Here die Almagtige is 'n wonderlike onderwyser en hy gee die produsent wysheid.*  
**Jesaja 28 vers 23 - 29.**

# Huidige prys-scenario by mielie-produksie beplanning

VORIGE ARTIKELS IN DIE PULA/IMVULA BEKLEMT OON DIE STAPPE WAT NODIG IS IN DIE BESLUIT WATTER SOMERGEWASSE GESKIK IS VIR JOU PLAAS, MET INAGNEMING VAN HULPBRONBEPLANNING, GRONDPOENSIAAL, WISSELBOU BEPLANNING EN TOEKOMSTIGE MARKPRYSE. HIERDIE MAAND SE PULA/IMVULA DEK 'N REEKS ARTIKELS WAT RELEVANT IS VIR DIÉ PRODUSENTE WAT BESLUIT HET OM MIELIES IN DIE KOMENDE SOMERGEWASPRODUKSIE SEISOEN IN TE SLUIT.

Toekomstige pryse vir geel en wit mielies het effens gestagneer gedurende Augustus 2011 met 'n toekomstige prys-scenario van R1 840 vir geel mielies en wit mielies van R1 815 vir lewering in Julie 2012. Ons kan dus werk op sowat R1 615 per ton mielies in die produsent se sak op 'n vervoer differensiaal van R215 tot R225 per ton.

Die netto waarde behaal vir mielies wat teoreties uitgevoer kan word is sowat R1 717 per ton. Dit staan bekend as die aanduidende uitvoerpariteit prys. Die netto waarde om mielies in te voer, is sowat R2 894

per ton geland op Randfontein. Dit is bekend as die aanduidende invoerpariteit prys. Ons kan dus saamstem dat die huidige en toekomstige binnelandse prys gebaseer is op die uitvoerpariteit waarde.

Dit dui daarop dat daar steeds 'n oorskot van mielies in ons binnelandse mark is en dat daar 'n positiewe sentiment oor die beskikbaarheid van mielies vir die komende seisoen is. Die prysbepaling neem al die produksiefaktore in ag soos klimaat- en grondtoestande, verbruikersvraag, voorraad op hande en mielies wat nog gelewer moet word, die rand/dollar wisselkoerse, oorsese produksie-omstandighede en plaaslike rentekoerse op geleende kapitaal, onder andere.

Die gehalte van die laaste mielies van produsente gelewer aan silo's kan laer wees as gevolg van die oormaat reën ontvang in die oesseisoen en kan ook veroorsaak dat die lokopryse vir goeie gehalte mielies styg. Hou in gedagte dat al hierdie faktore kan verander teen die tyd dat mielies geoes word volgende jaar gedurende Julie 2012.

ARTIKEL VOORSIEN DEUR 'N AFGETREDE PRODUSENT



# Beheer onkruid effektief by mielies

**DIT IS ALTYD BELANGRIK OM DIE SPESIEKE ONKRUIDPROBLEME OP JOU EIE PLAAS TE IDENTIFISEER. VERBOUINGSPRAKTYKE, CHEMIESE ONKRUIDBEHEER EN WISSELBOUSTESEL IN ELKE DISTRIK EN OP ELKE PLAAS VERSKIL. DIE ONKRUIDPROBLEME OP JOU PLAAS KAN RADIKAAL VERSKIL VAN JOU BURE.**

Evalueer die aard van die onkruid op jou plaas en gebruik die korrekte kombinasie geskikte onkruidodders. Sien **tabel 1** hieronder vir 'n paar van die opsies en gesertifiseerde kombinasies wat in Suid-Afrika beskikbaar is vir die beheer van onkruid by mielies.

## Aktiewe bestanddele

Die chemikalieë en chemiese kombinasies beskikbaar is saamgestel uit 'n paar hoof aktiewe bestanddele wat óf eenjarige grasse of eenjarige breëblaar onkruid beheer. Die aktiewe bestanddele is die spesifieke chemiese komponente wat die onkruid doodmaak deur in te meng of die biochemiese prosesse te stop wat die onkruid in staat stel om sonlig op te vang en te bly groei en om uiteindelik te reproduseer.

Die chemikalieë word dus gekombineer indien die produsent se lande beide 'n gras en 'n breëblaar probleem het. In sekere gevalle, te danke aan die korrekte wisselbou en onkruidbeheer, is daar dalk net 'n potensiële eenjarige breëblaar onkruidprobleem in jou mielielande. Dit sou dus 'n vermorsing van geld wees om te spuit vir grasse. 'n Akkurate beoordeling van die probleem in staat sal stel om die uitgawes op onkruidbeheer optimaal te beheer en te minimaliseer.

## Klei inhoud van jou grond

Dit is nuttig om die klei-inhoud van die beste gronde op elke land op jou plaas te ken uit die grondontledings. Die aanwendingshoeveelhede van chemikalieë vir doeltreffende onkruidbeheer styg so vinnig as wat die klei-inhoud van die grond toeneem. Dit gebeur omdat die klei kolloïed sommige van die aktiewe bestanddele wat aangewend is absorbeer en dus die chemikalieë wat die plant uit die grond kan opneem, beperk.

Dit is dwaas om nie die korrekte aanbevole chemiese konsentrasies per hektaar toe te pas nie, om te bespaar op die onmiddellike koste per hektaar. Onkruid wat nie effektief doodgemaak word nie, sal lei tot hoë verliese aan oes-opbrengs gedurende hierdie seisoen. Aanwending van 'n kleiner dosis as die aanbevole dosis, sal veroorsaak dat sommige onkruid nie vrek nie. Oor baie geslagte, kan hierdie "weerstand" onkruid ontwikkel wat sal oorleef teen 'n honderd keer meer aktiewe bestanddeel as wat nou benodig word.

Dit is dus in die belang van die hele boeregemeenskap dat aanbevole aanwendings gevolg moet word. Dit kos 'n enorme bedrag in navorsing en ontwikkeling van nuwe chemikalieë vir doeltreffende onkruidbeheer indien weerstand ontwikkel word.

Om die ekstra chemikalieë wat aangewend moet word om vir die klei-inhoud voorsiening te maak, te illustreer, sien aanbevole aanwendings van acetochlor, wat hoofsaaklik eenjarige grasse beheer, met betrekking tot klei-inhoud van grond. Acetochlor word gewoonlik gebruik in kombinasie met 'n buffer. Dit is 'n bestanddeel wat in kombinasie met acetochlor verhoed dat hierdie chemikalieë die mielieplant doodmaak wat in gedagte gehou moet word, ook 'n gras is.

Pre-of voor opkoms beteken bespuiting van die chemikalieë op grond of minimum bewerking grondoppervlak na plant, maar voor die plante deur die grondoppervlak kom.

Die hoër dosisse per hektaar sal gebruik word in gevalle waar daar veral aanhoudende swaar besmettings van sekere vorme van eenjarige grasse in sekere lande voorkom.

Die koste per hektaar, net vir die chemikalieë, kan wissel van R97,50 per hektaar vir sanderige grond (0% - 10% klei-inhoud) tot R150 vir hoë klei-grond (41% - 55% klei-inhoud).

'n Mielie-oes met 'n potensiaal van 4,5 ton/ha sal gewaardeer word teen sowat R7 200 per hektaar. Dit is dus baie kortsigtig en nie raadsaam nie om R60 per hektaar te spaar as jy in gedagte hou al die huidige en toekomstige potensiële probleme wat kan ontstaan. Weer eens moet jy die probleem saam met jou chemiese konsultant evalueer en beheer behoorlik toepas.

Tabel 1: Aanbevole toepassings

Chemies	Aktiewe bestanddeel g/l	% Klei	Dosis in liters/ha	Tydberekening van toediening	Tipe onkruid beheer
Acetochlor (+ Buffer)	840g/liter	0 - 10	0,75 - 1,00 l/ha	Voor-opkoms van gewas	Hoofsaaklik eenjarige grasse
		11 - 20	1,00 - 1,30 l/ha	Voor-opkoms	
		21 - 30	1,30 - 1,65 l/ha	Voor-opkoms	
		31 - 40	1,65 - 1,80 l/ha	Voor-opkoms	
		41 - 55	2,0 l/ha	Voor-opkoms	

Tabel 2: Mengsels wat beskikbaar is in die mark

Chemiese – aktiewe bestanddeel	Formulering in gram per liter	Dosis afhangend van klei-inhoud	Tyd van aanwending	Onkruidbeheer
<b>Acetochlor</b>	750/900 g/l	0,9 tot 2,7 l/ha	Voor-opkoms.	Hoofsaaklik eenjarige grasse.
<b>Acetochlor (+ buffer)</b>	700/840 g/l	0,7 tot 2,7 l/ha	Voor-opkoms.	Hoofsaaklik eenjarige grasse.
<b>Actochlor /atrazine/ propazine</b>	96/202/202 g/l	3,25 tot 7 l/ha	Voor-opkoms. Wend aan op 'n goed voorbereide saadbed.	Eenjarige breëblaar onkruid en sekere grasse.
<b>Acetochlor/atrazine/ simazine (+ buffer)</b>	160/165/165 g/l	3,25 tot 7,5 l/ha	Voor-opkoms. Wend onmiddellik aan op 'n goed voorbereide saadbed.	Eenjarige breëblaar onkruid en sekere grasse.
<b>Acetochlor/atrazine terbuthylazine (met en sonder buffers). Baie kombinasies</b>	125/187,5/187,5 g/l	2,75 tot 5 l/ha	Voor-opkoms.	Eenjarige breëblaar onkruid en sekere grasse.
<b>Alachlor</b>	480 g/l	3,2 to 4 l/ha	Voor-opkoms. Wend onmiddellik aan op goed voorbereide saadbed. Nie later as 2 dae.	Hoofsaaklik eenjarige grasse.
<b>Alachlor/atrazine Baie kombinasies</b>	336/144 g/l	5,5 l/ha	Voor-opkoms. Wend onmiddellik aan op 'n goed voorbereide saadbed. Nie op grond met minder as 16% klei.	Eenjarige breëblaar onkruid en sekere grasse.
<b>Ametryn</b>	500 g/l	2,5 to 3 l/ha	Voor-opkoms. Slegs KwaZulu-Natal.	Eenjarige breëblaar onkruid en sekere grasse.
<b>Atrazine Baie kombinasies met baie ander aktiewe bestanddele</b>	500 g/l	2,5 to 5 l/ha	Wend aan op aktiewe groeiende onkruid.	Hoofsaaklik eenjarige breëblaar onkruid.
<b>Atrazine/cyanazine</b>	250/250 g/l	2,25 to 4,25 l/ha	Voor-opkoms of kort na opkoms.	Hoofsaaklik eenjarige breëblaar onkruid.
<b>Bromoxynil</b>	225 g/l	1,5 to 2 l/ha	Wend aan wanneer onkruid almal opgekom het.	Hoofsaaklik eenjarige breëblaar onkruid.
<b>2-4D (dimethylamine sout)</b>	480 g/l	2,7 to 5,4 l/ha	Wend 5 - 6 dae na plant aan op vogtige saadbed.	Hoofsaaklik eenjarige breëblaar onkruid.
<b>EPTC (+ buffer)</b>	720 g/l	2 to 4 l/ha	Wend aan op goed voorbereide saadbed en meng met grond.	Hoofsaaklik eenjarige grasse, geel en pers uintjies.
<b>Metolchlor (+ buffer)</b>	915 g/l	0,75 l/ha	Voor-opkoms. Wend aan op goed voorbereide saadbed binne 3 dae na plant.	Hoofsaaklik eenjarige grasse, geel uintjies.

# Oorweeg 'n spuit vir onkruidbeheer

**NA DIE PLANTSEISOEN VAN OKTOBER TOT MIDDEL DESEMBER 2010, HET DIE MEESTE MIELIEPRODUKSIE GEBIEDE HOË REËNVAL MET KORT TUSSENPOSES ONTVANG. OP BAIE PLASE HET DIE NAT TOESTANDE DWARSDEUR DIE SEISOEN DOELTREFFENDE MEGANIESE ONKRUIDBEHEER TUSSEN DIE RYE VERHOED.**

Produsente wat nie chemiese onkruidbeheer toegepas het, of nie gespuit het voor opkoms, of nie chemikalieë na opkoms kon toedien nie, sal waarskynlik 'n groot onkruidprobleem hierdie komende seisoen hê. Onkruid wat saad kon skiet, sou waarskynlik miljoene sade in die lande versprei voor die komende somer produksieseisoen.

Produsente wat minimum bewerking toepas, het ook onkruidbeheer probleme in die lande ondervind indien die toerusting nie gebruik kon word vir die bespuiting van die beplande onkruidbeheer program vir onkruid wat en/of met planttyd nie. Dit is dus noodsaaklik om die lande wat geplant gaan word te evalueer, sodat die verspreidingspatroon van potensiële probleem onkruid geïdentifiseer kan word. Die korrekte chemiese en spuitprogram kan dan saam met jou onkruidbeheer agent of konsultant beplan word.

Met die huidige nat toestande en reën wat reeds gedurende Augustus ontvang is, is dit waarskynlik dat die nat toestande weer beide meganiese en chemiese onkruidbeheer hierdie jaar kan belemmer. Dit word dus aanbeveel dat indien jy slegs meganiese onkruidbeheer toegepas het, 'n besluit om 'n geskikte onkruidspuit aan te koop, oorweeg word.

## Tipes spuite

### **Driepunt trekkerspuit**

Baie verskillende tipes spuite wat geskik is vir montering op jou trekker se driepunt, insluitend tenks van 600 liter en 1 000 liter en spuitarms van 12 meter tot 16 meter, is op die plaaslike mark beskikbaar. Eenhede met

tenks van 1 000 liter moet slegs gebruik word op trekkers wat 'n driepunt kapasiteit van 1,5 ton of meer het.

Die plaaslik vervaardigde eenhede is mededingend geprys en onderdele is vrylik beskikbaar gedurende die seisoen. Indien jy 'n ingevoerde eenheid aankoop, moet jy seker maak dat die agent die beskikbaarheid van vervangingspompe of pomp diafragmas kan waarborg en 'n reeks spuitpunte aanhou. Elke aanwending vereis spesifieke spuitpunte wat verskillende spuitpatrone en openinge het. Die druk verstellings vir elke spuitpunt is baie belangrik om te verseker dat die regte druppelgrootte vir 'n spesifieke aanwending verkry word vir optimale effektiwiteit van die onkruiddoder wat gebruik word.

### **Sleep eenhede**

As jy 'n sleep eenheid kan koop, het dit 'n paar voordele bo 'n driepunt eenheid wat gemonteer word. Die slytasie op die hidrouliese stelsel van driepunte word uitgeskakel en die trekker en spuit vorm 'n gebalanseerde meganiese eenheid wat meer doeltreffend is en minder grondverdigting veroorsaak. Die 2 000 liter eenhede stel jou ook in staat om groter oppervlakte te spuit voordat 'n tenkmengsel hervul moet word. Hou die gemak van die aanpassing van die wielspasiëring op die sleep-eenheid saam met die trekker vir jou planter se ryspasiëring in gedagte, asook maklike toegang tot die beheerkontroles vanaf die operateur se sitplek.

Die normale minimum wateraanwending vir spesifieke tenkmengsels is sowat 200 liter per hektaar om behoorlike bedekking van die grondoppervlak te verseker. 'n Driepunt tenk met 'n kapasiteit van 600 liter sal dus drie hektaar dek voordat die chemikalieë weer gemeng en gevul moet word vir die volgende aanwending.

Wanneer die beplanning van die spuitprogram gedoen word, neem in ag die gebied wat bespuit gaan word, tyd beperkings, beskikbaarheid en toegang tot geskikte water, die aantal trekkers en toerusting beskikbaar, insluitend 'n sleepwa met minstens 'n 5 000 liter tenk kapasiteit. Dit is ook





raadsaam om die water sleepwa toe te rus met 'n pomp met 'n groot genoeg kapasiteit sodat die driepunt tenk of sleep tenk vinnig hervul kan word.

Goeie beplanning en instandhouding van al die toerusting moet versigtig gedoen word sodat dit probleme in die land gedurende die plantseisoen beperk. Winsgewende moderne gewasboerdery kan nie bereik word sonder 'n goeie kennis van chemiese onkruidbeheer en die doeltreffende toepassing daarvan deur die korrekte spuittoerusting nie. Gebruik altyd 'n ervare agent of konsultant om te help met die beplanning en toepassing van onkruidodders en insekdoeders.

As jy nie genoeg beskikbare trekkerkrag het of die kapitaal wat benodig word nie, oorweeg dan 'n kontrakteur met 'n groter spuit. Kwotasies van kontrakteurs wissel tussen R65 en R100 per hektaar plus diesel. 'n Groot oppervlak van die land kan gedek word gedurende die dag en nag met die hulp van GPS-stelsels. Maak egter seker voor die aanvang van enige reëling dat die kontrakteur in staat is om te kom op die tyd wanneer dit nodig is en dat elke party baie duidelik weet watter toerusting benodig word en deur elke party voorsien kan word. Sommige kontrakteurs het nie hul eie tenks of trokke nie. As jy nie die volume water wat benodig word deur die kontrakteur se spuit kan voorsien nie, sal die verlies aan tyd en doeltreffendheid lei tot konflik en frustrasie van beide partye.

Die koste van die verkryging van jou eie toerusting en die gerief om te kan spuit wanneer nodig per hektaar moet opgeweeg word teen die totale koste van die bespuiting gedoen deur 'n kontrakteur. 'n Bykomende voordeel is dat die meeste kontrakteurs ingelig is oor die chemiese en tenkmengsels wat gebruik word, of werk nou saam met onkruiddoder konsultante.

Dit is in jou belang om enige bespuiting ten alle tye te monitor. Dit is ook raadsaam om te praat met verskeie chemiese maatskappye om koste van chemikalieë per hektaar te vergelyk en die vlak van dienste wat verskaf sal word, te evalueer. Onthou dat enige chemiese verskaffer baie besig is gedurende die seisoen en dalk nie in staat sal wees om genoeg aandag te kan gee met betrekking tot hulp met tenkmengsels en byvoegmiddels en monitering van die toedienings hoeveelhede nie. Sonder ervaring is dit baie maklik, selfs met die beste bedoelings, om te veel of te min chemikalieë aan te wend.

ARTIKEL VOORSIEN DEUR 'N AFGETREDE PRODUSENT

5

## Beheer onkruid effektief by mielies

### Tydsberekening van toediening

Dit is ook belangrik om te weet watter chemikalieë jy gaan gebruik om te weet wanneer die spuit beskikbaar moet wees gedurende die seisoen. Die onkruidbeheer aanwendings kan gedoen word voor die plante opkom na plant, kort ná die plante opgekrom het of tydens of kort na plant op 'n goed voorbereide grondoppervlak. 'n Goed voorbereide plantoppervlak beteken 'n grondoppervlak wat vry is van organiese materiaal wat van die chemikalieë wat aangewend is, kan absorbeer.

Vir die aanwending tydens of kort na plant kan die produsent besluit om die spuit so te monteer dat die chemikalieë 'n breë strook agter die planter spuit of op 'n beperkte baan op elke ry. Alternatiewelik kan die spuit kort na plant gebruik word. Meer tyd is beskikbaar om na-opkoms bespuiting te doen.

Die metode van keuse hang ook grootliks af of die trekker en toerusting besit of gehuur word deur die individuele produsent. Beplanning moet egter baie faktore in ag neem, insluitend die moontlikheid dat jy sal moontlik net 'n klein tydjie sal hê om jou bespuitingsoperasie uit te voer as gevolg van 'n bo-gemiddelde reënval.

'n Opsomming van sommige van die mengsels wat in die mark beskikbaar is, word in **tabel 2** op bladsy vyf verduidelik. As 'n produsent of plaasbestuurder moet jy vertrou wees met die belangrikste chemikalieë wat gebruik word en die konsentrasies van die aktiewe bestanddele in elkeen. Daar is baie handelsmerke met goeie name in die mark wat dieselfde of soortgelyke mengsels en aktiewe bestanddele bevat. Wanneer jy pryse en die doeltreffendheid van verskeie produkte vergelyk, bepaal wat die prys per gram van die aktiewe bestanddele per liter is om sodoende die koste op 'n regverdige basis te vergelyk.

Soos verwag kan word van hierdie paar voorbeelde is dit bykans onmoontlik vir 'n produsent om tred te hou met al die nuwe chemiese samestellings. Daarbenewens moet die produsent 'n evaluasie doen wat die beste is om aan te wend teen die korrekte dosis op 'n bepaalde land met 'n unieke onkruidprobleem. Raadpleeg altyd 'n professionele persoon in die onkruiddoder veld.

### ARTIKEL VOORSIEN DEUR 'N AFGETREDE PRODUSENT





# Dis tyd om te kyk na grondverdigting

Die publikasie word maandeliks gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

**GRAAN SA**

Posbus 88, Bothaville, 9660  
 ▶ (056) 515-2145 ◀  
 www.grainsa.co.za

**PROGRAMBESTUURDER**

**Jane McPherson**  
 ▶ 082 854 7171 ◀

**BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING**

**Willie Kotzé**  
 ▶ 082 535 5250 ◀

**SPESIALIS: VELDDIENSTE**

**Danie van den Berg**  
 ▶ 071 675 5497 ◀

**VERSPREIDING: PULA-IMVULA**

**Debbie Boshoff**  
 ▶ (056) 515-0947 ◀

**PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS**

**Daan Bosman**  
 Mpumalanga (Bronkhorstspuit)  
 ▶ 082 579 1124 ◀

**Johan Kriel**  
 Vrystaat (Ladybrand)  
 ▶ 079 497 4294 ◀

**Tonie Loots**  
 Noordwes (Zeerust)  
 ▶ 083 702 1265 ◀

**Jerry Mthombothi**  
 Mpumalanga (Nelspruit)  
 ▶ 084 604 0549 ◀

**Lawrence Luthango**  
 Oos-Kaap (Mthatha)  
 ▶ 083 389 7308 ◀

**Jurie Mentz**  
 KwaZulu-Natal en Mpumalanga  
 ▶ 082 354 5749 ◀

**Ian Househam**  
 Oos-Kaap (Kokstad)  
 ▶ 078 791 1004 ◀

**ONTWERP, UITLEG EN DRUK**

**Infoworks**  
 ▶ (018) 468-2716 ◀  
 www.infoworks.biz



**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**

**Afrikaans,**  
 Engels, Tswana, Sesotho,  
 Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

**ONGEVEER 600 MM TOT 2 000 MM REËN IS IN DIE SOMER MIELIEPRODUKSIE GEBIED E ONTVANG EN TYDENS 'N PAAR GELEENTHEDE HET 50 MM TOT 75 MM REËN PER DAG GEDURENDE 'N WOLKBREUK GEVAL. HIERDIE SWAAR GEWIG VAN DIE WATER PER HEKTAAR IN 'N KORT TYDPERK LEI TOT 'N GEKOMPakteerde EN VERSADIGDE GRONDPROFIEL.**

Die addisionele effek van die gewig van stroppers, trekkers en grootmaat sleepwaens en vastrap van die bande tydens oes, sal met die versadigde grondtoestande wat hierdie jaar ervaar word, tot meer gekompakteerde grond as die normale lei.

Beeste wat die oesreste op mielielende bewei, sal ook onder baie nat of versadigde toestande die grond kompakteer. In uiterste gevalle van versadiging sal diepwerking net voor of met planttyd die enigste manier wees om te verseker dat gewasse betyds geplant kan word.

Die baie koue winter en reën in sommige gebiede het ook bygedra tot 'n stadige afdroog van die versadigde grondtoestande. Dit sal wys wees om die grondprofiel van mielielende wat geplant word te evalueer en geskikte tandimplemente te gebruik om die grondprofiel onder die verdigingslae los te maak. Hierdie operasie sal ook die grond deurlug, wat die be-

langrikste is. Die grondbakterieë en mikrobies leef slegs aktief in aërobiese toestande in die boonste 150 mm tot 180 mm van die grond.

Die term aërobies verwys na die teenwoordigheid van lug, suurstof, stikstof en koolstofdoksied gasse in die losgemaakte grond en waterdeeltjies. Die tandimplement bewerking is van kritiese belang sodat bakterieë geaktiveer kan word om die reste van die vorige gewas af te breek voor die aanplant van die nuwe oes. Dit bakteriële proses sal begin as die grondtemperatuur begin styg gedurende die laaste week in Augustus, dwarsdeur September, tot in Oktober.

Dit word sterk aanbeveel dat tandimplement bewerking plaasvind so gou as moontlik nadat die grond veldkapasiteit bereik het. 'n Bewerking uitgevoer bo veldkapasiteit sal waarskynlik lei tot meer kompaksie. Die produsent sal sy implemente moet aanpas by die spesifieke bewerking indien verkeer beheer of minimum bewerking verbouingspraktyke gevolg word.

Onderhoud van planters en meganiese aanpassings wat vereis word en nog nie voltooi is nie, moet gedurende vroeë Oktober uitgevoer word.



**ARTIKEL VOORSIEN DEUR 'N AFGETREDE PRODUSENT**



Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.